The Cradle of Hope

(Incorporated under Section 21) 2007/030236/08
NPO number 062-511-NPO • PBO Number 930 027 742
VAT Number 4760248593

"COMPASSION WITHOUT BORDERS"

Posadres	Posbus 2648, **NOORDHEUWEL** 1756	**Kantoor**	Dekkerstraat 37 **KRUGERSDORP WES**
Tel. (Kantoor) **Faks**	082-459-5747 086-528-9914	**E-pos** **Webblad**	admin@thecradleofhope.org http://thecradleofhope.org

NUUSBRIEF
FEBRUARIE 2010

Indien u 'n e-pos wil stuur gebruik asseblief die volgende e-pos adres:
admin@thecradleofhope.org

Liewe vriende

Baie dankie aan al ons vriende wat ons projekte so getrou gedurende 2009 ondersteun het. Sonder julle hulp en **GEBEDE** sou ons nie 'n verskil in soveel mense, en veral in die lewens van minder bevoorregte **kinders** kon gemaak het nie.

THE CRADLE – "House of Restoration":

Die laaste paar maande was erg besig en moeilik en baie harde werk en baie sweet het in die regmaak van die huis ingegaan.

Omrede dit 'n ouerige huis is wat ons moes restoureer en inrig vir minder bevoorregte mammas en hul kinders, het dit ons 'n bietjie langer geneem as wat ons aanvanklik beplan het.

Op hierdie stadium is die huis ongeveer **90%** gereed aan die binnekant, en al die

badkamers is klaar voltooi en behoorlik toegerus. Weereens baie dankie aan Conrad en sy span van CD Plumbing vir al die loodgieter werk en aan Mike en Cindy van NWT Tiles vir die skenking van al die teëls wat ons benodig het. Dit word opreg waardeer!!

Huidiglik lê ons grootste kopseer by die regmaak en verf van die huis **aan die buitekant**. Ongelukkig is dit 'n gepleisterde huis, en as gevolg van gebrekkige onderhoud deur die vorige eienaars, gaan dit vir ons nodig wees om al die ou verf af te krap, die krake oop te kap en om waarskynlik die hele huis behoorlik met 'n dampseelaar (Dampseal) voor te berei voordat ons sal kan verf. Van die buitenste mure van die huis is erg nat en ons sal nie kan verf alvorens hierdie probleem nie opgelos is nie. Dit vertraag nou ook ons beplanning rondom die opening van die huis met ongeveer 6 – 8 weke.

Ons het huidiglik nog nie borge vir die verf en regmaak vir die buitekant van die huis gekry nie, en wil daarom nou 'n beroep op al ons medewerkers en gereelde ondersteuners doen om ons asseblief daarmee te help.

Volgens 'n verfkontrakteur, gaan ons ongeveer **100 liter Dampseal** nodig hê en **300 liter buiteverf.** Die geraamde **koste** van die **verf alleen** is ongeveer **R 20 000-00.** Die muur oppervlakte wat geverf moet word is ongeveer **750 m².**

Ons het alreeds die dakverf aangekoop teen 'n koste van R 15 000-00 en sal hopenlik teen die middel van Maart klaar wees met die voorbereiding en verf van die dak.

As dit moontlik is, wil ons graag gedurende Maart/April die huis se buitekant verf, en alles regkry om die eerste mense vanaf 1 Mei 2010 te laat intrek.

ONMIDDELIKE BEHOEFTE:

- Hulp met die betaling of borg van die verf – **ongeveer R 35 000-00.**

- Ons benodig die dienste van 'n elektrisien om die finale elektriese werk te kan afhandel.

- Daar is nog enkele kamers beskikbaar in ons **"Adopt-a-Room"** projek, sien ons webblad op http://thecradleofhope.org vir verdere besonderhede, of skakel vir Melodie op 082 459 5747. Indien u betrokke wil raak kan u met Melodie skakel en reel dat die huis besigtig word.

- Daar is ook nog baie bakstene te koop in ons **"BUY A BRICK"** campaign. Bakstene kan gekoop word teen R500-00 elk, en hierdie fondse word direk aangewend vir die restorasie van die huis. Ondersteun ons asseblief!

BELASTING OP DONASIES:

Ons wil u net graag weer daaraan herinner dat "**The Cradle of Hope**" by SARS geregistreer is en dat ons geregtig is daarop om aan u donasie sertifikate onder Artikel 18 van die Belasting Wet uit te reik.

Die skenking/donasie wat u dus aan ons maak kan van u belasbare inkomste afgetrek word, en SARS betaal dan 'n gedeelte van u skenking aan u terug.

Vir meer besonderhede oor die aftrekking van u donasie kan u ons webblad besoek by http://thecradleofhope.org of met ons Finansiële Direkteur skakel. Sy e-pos adres is albertus@thecradleofhope.org.

Ons wil net 'n versoek aan u rig om indien u enigiets, **maak nie saak hoe klein nie,** wil bydra vir die verf van die huis, die verwysing **"verf"** op u oordrag of depositostrokie te meld.

Alle donasies kan in die volgende rekening inbetaal word :

Bank :	Eerste Nasionale Bank
Tak :	Krugersdorp
Takkode :	250241
Rekeningnommer :	6218 035 2628
Rekeningnaam :	The Cradle of Hope

THE CRADLE OF HOPE se ander projekte:

Besoek gerus ons webblad vir meer inligting oor ons ander projekte.

- Die **KRONINGSPARK KONINGSKINDERS** stimulerings groepie vir die kleuters van die Kroningspark tentdorp.
- Ons uitreike en hulp aan die gemeenskap van **POMFRET**.

Sluit gerus ook aan by ons FACEBOOK CAUSE: http://apps.facebook.com/causes/357418

Baie dankie vir al u ondersteuning sover. Indien u ons nie nou finansieël kan bystaan nie, wil ons u vra om tog vir ons saak te bid en om ook op so 'n belangrike manier 'n bydrae te maak. **Die oesveld is groot, en ons kan nie sonder u ondersteuning 'n verskil maak nie!!**

CRADLE liefde en blessings

Melodie

Melodie 082 459 5747
melodie@thecradleofhope.org

MATTHEUS 9:37,38 – "Toe se Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur."

Direkteure : Z.J. Grobler (Chairman) • A.G. van Brakel (CA) (SA) MBA • M.M. van Brakel
A. Hone